
# TOERISME: GRAAD 10
# OPSOMMENDE NOTAS



# KULTUUR & ERFENIS



**Kultuur en erfenis vorm die basis van ons land se identiteit. Dit sluit alles in wat vanuit die verlede behoue gebly het.**

Voorbeelde:

Geboue, argeologiese plekke, natuurlike omgewings musiek, museums, rotsformasies en rotskuns, grafte, volksverhale, tradisies en ons verskillende tale in.

## NASIONALE ERFENISDAG




**Openbare vakansiedag: 24 September**

**Op hierdie dag erken en vier ons Suid-Afrika se kulturele rykdom, aangesien ons nasie uit verskeie kulture saamgestel is.**

Suid-Afrikaners aangemoedig om hul kultuur en die diversiteit van hul oortuigings en tradisies te vier.



# WAT IS KULTUUR?



= waardes, ingesteldhede, menings, skeppingswerke en die gebruike van 'n spesifieke groep mense.

Kultuur kan lewende en nie-lewende dinge, wat van vorige geslagte geërf is, insluit.

| LEWENDE KULTUUR | NIE-LEWENDE KULTUUR |
|---|---|
| **Oorgedra vanaf individue, gesinne, gemeenskap of die samelewing.**<br><br>Ook bekend as: ontasbare kultuur<br><br>Voorbeeld: Huistaal en jou tradisies | **Enige fisiese objek wat deur vorige generasies behoue gebly het.**<br><br>Ook bekend as: tasbare kultuur<br><br>Voorbeeld: geboue |

# ALGEMENE MENINGS OOR KULTUUR




**Kultuur is simbolies**

Kultuur is op simbole basseer.

Simbole kan verbaal of nie-verbaal wees.

- Taal = verbale simbool
- Ring = nie-verbale simbool van huwelik.



**Kultuur is dinamies**

Kultuur kan dus verander.

Ons leef op 'n ander manier as wat die generasies voor ons geleef het.

Ons menings en opinies verander met tyd.

Hierdie veranderinge is gewoonlik a.g.v nuwe, of meer moderne, idees.



3

**Kultuur word gedeel**

Kultuur word tussen verskeie mense gedeel.

Die gebruik van kultuur word gedeel tussen mense van 'n spesifieke groep / gemeenskap.

Voorbeeld: Kombuistee; Huweliksbevestiging; Labola; Kulturele rituele


4

**Kultuur is aangeleer**

Die tradisies word van een generasie na die ander oorgedra.

Voorbeeld: Betaal van Lobola by plaaslike kulture.

## DIE INVLOED VAN SA SE KULTURE



**Suid-Afrika het 11 amptelike tale en die nasie bestaan uit vier hoof-bevolkingsgroepe, naamlik:** Bruin-, wit, gekleurde- en Indiër mense, wat dan weer verder in verskeie kultuurgroepe opverdeel kan word.

**Verskillende kunsvorme spruit ook vanuit ons diverse kulture:** houtwerk, kralewerk, skilderkuns, breiwerk, pottebakkery.

**Diverse kossoorte:** Umvubo; Bunnychow; Frikadelle; Bobotie; Hoenderootjies; Waterblommetjie-bredie; Chakalaka & pap; Vetkoek; Malva-poeding; Koeksisters; Kerrie & Rys; Biltong; Shisa nyama; Breyani; Potjiekos; Melktert.

**Diverse feeste:** Kaapse Maleiers: Kaapse Klopse; Afrikaners: KKNK & Aardklop; Hindoes: Diwali (fees van liggies; Mangaung-Afrika-Kultuurfees; Internasionale Jazz-fees; The SA India Day Carnival; Kaapstad Karnivaal

**Diverse musiek- en dansvorme:** Indlamu: Tradisionele Zoeloe-dans; Kwaito: House-musiek met plaaslike klanke; Afro-fusion: Mengsel van moderne- en tradisionele Afrika danse.

# KULTURELE DIVERSITEIT




**Suid-Afrika is bekend as die 'reënboognasie' omdat die nasie uit soveel verskillende kulture en gelowe bestaan.**

Suid-Afrika se nasie sluit onder andere Zoeloe-, Xhosa-, Pedi-, Tswana-, Ndebele-, Khoisan-, Hindoe-, Moslem- en Afrikanermense in.

**SA as die 'reënboognasie':**

**Desmond Tutu het hierdie term gebruik om SA se nasie te beskryf.**

Hierdie vergelyking was gebruik, aangesien 'n reënboog uit verskillende kleure bestaan, maar een reënboog vorm – net so bestaan SA se nasie uit klomp verskillende kulture.



# KULTURELE INVLOEDE

**Kulturele invloede in SA, se oorsprong kom hoofsaaklik vanuit Afrika, Europese- en Asiatiese lande.**



Baie mense, vanuit hierdie lande, immigreer na SA en pas hul kulturele gebruike en tradisies hier toe.

**Immigreer: Iemand van elders verlaat hul land om permanent in Suid-Afrika te kom woon.**

**Emigreer; 'n Suid-Afrikaner besluit om SA te verlaat om in 'n ander land te gaan woon.**

# ELEMENTE VAN KULTUUR





### Argitektuur & Interieur

SA se agitektuur is uiteenlopend.

Wissel van Kaaps-Hollandse styl in Wes-Kaap tot eenvoudige grasdak-modderhutte in plaaslike gebiede soos die van die Oos-Kaap.

Binne-ontwerpe = binneversiering. Die interieur pas gewoonlik by die argitektuur.







### Kuns & Handewerk

Dateer terug na die antieke rotskuns van die San-mense.

Rotskuns kan veral by Barberton Makhonjwa Berge, Maloti-berge en die Wonderwerk-grotte naby Kuruman gesien word.

Ander bekende kunswerke word by kunsgallerye uitgestal. Toeriste kan die gallerye besoek, die kuns waardeer en ook sommiges koop.







**Musiek & Dans**

Rubbersteweldans (isicathulo): deur mynwerkers in JHB ontwikkel.

Indlamu: tradisionele Zulu-dans waar dansers een voet tot bo sy kop oplig en hard neerbring)

Volkspele: Tradisionele volksdanse van Afrikaans-sprekende mense.





**Ander Suid-Afrikaanse musiek:**

Kwaito: plaaslike soort house musiek.

Kwêla: jazzagtige, kwêlafluitjie-gebasseerde straatmusiek.

Marabi: musiek in klawerbord-styl wat verbind word met Amerikaanse jazz en blues.

Koormusiek: baie gewild in Suid Afrika. Drakensberg se seunskoor. Die Soweto Gospelkoor is ook internasionaal bekend.










**Cuisine**

Suid-Afrikaanse kosssoorte is baie deur inheemse Afrika-, Europese- en Asiatiese kulture beïnvloed.

Xhosa gereg: Stampmielies en bone (Umngqusho)

Bobotie: Kaaps-maleise Gereg

Braaivleis: Gewilde gereg onder baie Suid-Afrikaners





" Culture is the arts elevated to a set of beliefs. "

- **Thomas Wolfe**

**Unauthorised Distribution Disclaimer**

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.

KWALITEIT STUDIEMATERIAAL | QUALITY STUDY MATERIAL | toerismenotaboek@gmail.com

A. Jonker

OWNER, FOUNDER & CEO of A-PLUS STUDY MATERIAL (PTY)
B B.Sc. Consumer Sciences & Tourism Management | PGCE: Cum Laude |
B.Ed Honours in Curriculum development: Cum Laude | Graphic Design L1 |
Member of Golden Key International Honour Society: Academics | Author
of 9 x ISBN Registered Study Guides used in various schools across SA.